
Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

PhD Metallurgiese Ingenieurswese (12263052)

Duur van studie 2 jaar

Totale krediete 360

Toelatingsvereistes

Behoudens die bepalings van die Algemene Regulasies G.42 en G.54, word geen kandidaat tot die studie vir 'n doktorsgraad toegelaat nie, tensy hy of sy in besit is van 'n magister- graad in Ingenieurswese of 'n ander gelykwaardige magistergraad.

Ander programspesifieke inligting

Ing. 23

Sien ook die Algemene Regulasies. G.42 tot G.53.

- (a) Behoudens die bepalings van die Algemene Regulasies G.42 en G.54, word geen kandidaat tot die studie vir 'n doktorsgraad toegelaat nie, tensy hy of sy in besit is van 'n magister- graad in Ingenieurswese of 'n ander gelykwaardige magistergraad.
- (b) Tensy die Dekaan, op aanbeveling van die promotor anders besluit, word die graad PhD (Ingenieurswese) toegeken op grond van 'n proefskrif en 'n eksamen oor die proefskrif.
- (c) Tensy die Senaat, op aanbeveling van die betrokke promotor, anders besluit, moet die student voor of gelyktydig met indiening van die proefskrif, 'n bewys uitgereik deur 'n geakkrediteerde joernaal dat 'n artikel ingedien is, by die Hoof: Studente- administrasie indien. Die artikel wat ingedien is moet gebaseer wees op die navorsing wat die student vir die proefskrif gedoen het en moet deur die promotor goedgekeur wees indien die promotor nie 'n mede-outeur is nie. Die promotor sal verantwoordelik wees om toe te sien dat dat die artikel deur die proses van hersiening en hervorlegging geneem word, soos wat vereis mag word. Die toekenning van die graad is onderworpe aan nakoming van die voorwaardes van hierdie regulasie.
- (d) Die student moet deur sy werk, proefskrif en eksamens bewys lewer van gevorderde oorspronklike navorsing en/of skeppende werk wat 'n wesenlike en besondere bydrae is tot die kennis van die ingenieurswetenskap en/of -praktyk.



Kurrikulum: Jaar 1

Minimum krediete: 360

Kernmodules

Proefskrif: Metallurgiese ingenieurswese 990 (MIN 990)

Modulekrediete 360.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Onderrigtaal Aparte klasse vir Engels en Afrikaans

Akademiese organisasie Materiaalkunde en Metallurgies

Aanbiedingstydperk Jaar



Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 360

Kernmodules

Proefskrif: Metallurgiese ingenieurswese 990 (MIN 990)

Modulekrediete 360.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Onderrigtaal Aparte klasse vir Engels en Afrikaans

Akademiese organisasie Materiaalkunde en Metallurgies

Aanbiedingstydperk Jaar

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrou met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.